Om die Bybel anders te lees. 'n Etiek van Bybellees
Gerrie Snyman



Die Afrikaanse reformatoriese tradisie het nog nie sover gekom om 'n post-apartheid teologie te ontwikkel nie.

Die onvermoë van die afgelope Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk in Afrika om apartheid op teologiese gronde te verwerp, is 'n aanduiding dat dié reformatoriese tradisie nog nie begin het om die immoraliteit van apartheid teologies te verreken nie.

Die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika het na hulle weiering om 'n voorlegging by die WVK te doen, nog steeds geen stappe gedoen om hulle teologiese hermeneutiek van rassistiese elemente te loog nie. Die NG Kerk, wat wel 'n voorlegging by die WVK gedoen het, het dit tot dusver ook nie gedoen nie.

'n Mens sien die gevolge hiervan in die manier hoe diversiteit gehanteer word. Daar word al hoe meer van 'skeuring' gepraat omdat verskillende sieninge nie verdra word nie. Die verskeidenheid wat apartheid moes aanspreek, het mense van mekaar geskei. Dié bestel het uiteindelik 'n beska-wingsbreuk in Suid-Afrika veroorsaak.

Die Afrikaanse reformatoriese tradisie wat die blaam hiervoor moet dra, het nog niks teologies gedoen om die breuk te herstel nie. 'n Post-apartheid teologie in navolging van 'n teologie na Auschwitz het nog nie hier posgevat nie. Ons bly vasgevang in 'n geskeidenheid wat verskeidenheid van denke en sienings nie kan verdra nie. Dit sien mens duidelik in die gesprekke rondom die geloofsbelydenis oor die *liggaamlike* opstanding van Jesus. Mense wat laasge-noemde nie kan bely nie, moet uit die Christelike kerke padgee.

In die debat word Jesus se dood en opstanding voorgehou as sou dit meer sin het as sy lewe. As sondelose en bowehistoriese figuur word hy geprojekteer as Seun van God wat versoening vir die mense se sondes kom doen het. Maar die fokus op sy dood en opstanding maak van sy geskiedenis op aarde net 'n oorgangsfase na die ewige eintlike wêreld. Die 'hier en nou' word versaak met ernstige gevolge.

As lidmaat van 'n kerk in wie se midde die teologiese regverdiging van apartheid ontstaan het en later nooit kragdadig beveg is nie, word my bewussyn van 'n kollektiewe verantwoordelikheid nerens deur dié Jesus-teologie aangespreek nie. Trouens, in die plek van my eie verantwoordelikheid kom 'n kinderlik-passiewe verwagting dat my dade sonder gevolge kan wees, want Jesus het mos daarvoor gesterf. Die gelowige bly blind daarvoor dat dade, ook leesdade, gevolge het.

Wat kortkom, is 'n etiek van Bybellees. Elke mens wie vir 'n ander en saam met 'n ander Bybellees, het 'n openbare en politieke verantwoordelikheid. Om die Bybel te lees, vereis die opstel van die leser se belange, waardes en visies. 'n Etiek van Bybellees gee aan die leser 'n betekenisvolle rol. Daar is 'n verantwoordelikheid om geregtigheid aan die teks te laat geskied en 'n verantwoordelikheid teenoor diegene wat die merke van 'n bepaalde Bybellees moet dra.

Die etiese moment kom in die spel, want 'n mens ontmoet die ander mens in sy of haar blootgesteldheid. Daar is altyd 'n gevaar om die ander mens te totaliseer. Die eie verantwoordelikheid teenoor daardie persoon word vernietig. Byvoorbeeld, om 'n persoon wat teologies van jou verskil uit die geloofsgemeenskap uit te dryf, is om nie meer verantwoordelik te voel teenoor daardie persoon nie.

Ook wanneer die Bybel gelees word, is die etiese moment belangrik. Die Bybelteks kom in sy andersheid na die mens toe. 'n Totalisering van die Bybel vind plaas as die Bybelteks gelees word as 'n teks wat nie 'n geskiedenis het nie, maar as 'n stoorkamer vol feite wat uit die lug geval het om regstreeks op huidige lesers se lewens in te speel sonder dat subjektiwiteit enigsins verreken word.

Lesers lees die Bybel op grond van hulle eie leesstrategieë. Dié strategieë word bepaal deur perspektiewe wat lesers het as gevolg van hulle sosiale ligging in die samelewing.

Boonop is elke leser of groep lesers se konteks kompleks en eiesoortig, sodat interpretasies nie anders kan as om van mekaar te verskil nie. Dit beteken dat waarheid nooit objektief vasstaan nie. Daar is altyd een of ander perspektief verbonde aan die manier waarop ons waarheid uitdruk. Dit is 'n subjektiwiteit wat op verskillende maniere na vore kom.

Maar die teks beteken nie sommer enigiets afhangende van die leser se ideologie nie. 'n Leser se verstaan van die Bybel geskied altyd binne 'n verantwoorde raamwerk, soos die manier hoe betekenis gekry word; die belange wat gedien word; die soort wêreld wat voorsien word; die rolle, pligte en waardes wat voorgehou word en die soort sosiopolitiese praktyke wat geregverdig word.

Omdat ons Bybellees sosiale belange dien, moet ons dalk ons belange op die tafel sit. Ek dink aan ras, geslag, seksulaiteit, kultuur, klas, ekonomiese welvaart, epistemologie. Maar dit beteken dat ons nie meer die Bybel kan lees as sou dit net een ding beteken nie.

Ons moet ruimte vir meer as een siening laat. Dié soort verdraagsaamheid vra 'n etiek van lees.

*Gerrie Snyman se boek **Om die Bybel anders te lees. 'n Etiek van Bybellees** word deur Griffel Media, Pretoria, uitgegee. (www.griffel.co.za)*

Prof Gerrie Snyman is verbonde aan die Departement Ou Testament en Ou-Nabye Oosterse Studies by die Universiteit van Suid-Afrika. Hy doseer Bybelkunde en Ou Testament. Sy studievelde is hermeneutiek, retoriek, rassisme, genderkritiek, narratologie en die vroeë Tweede Tempelperiode in die na-ballingskapse tydperk.

Resensies

Resensent: Reggie Nel, Dept of Christian Spirituality, Church History and Missiology, University of South Africa, PO Box, 392 UNISA 0003, rwnel@unisa.ac.za

I've struggled to read through *Om die Bybel Anders te lees*, written by Gerrie Snyman. This is not because he writes difficult or complicated. In fact, I find his style of writing in Afrikaans, enticing and lucid, with a refreshing tint of humour and warmth. But this work is also compelling in another way; it's a book that challenges the reader to think intensely about complex matters, matters which are close to the heart, matters which disturb. It therefore reads as a struggle with the other, but more-so a struggle with self. How do you deal with the reality that so many white South Africans sense, namely that that they have been dropped by their one source of faith and therefore also, identity. The transformation agenda, inaugurated by the 1994 democratic elections in South Africa, not only caused a fundamental identity crisis amongst Afrikaners, but also a crisis of their Bible interpretation and as such, a crisis of faith also amongst the many other forms of Christianity shaped by this hermeneutical framework. The current malaise amongst, not only members of these church members, but also their leadership in dealing with pressing public matters is in a very painful way, indicative of the extend of this crisis. It is in this context of disorientation and struggle, that the recent publication of Gerrie Snyman is highly relevant, yet not comforting.

Snyman's recent publications focus on grappling with questions of white and male identity construction within this postcolonial context. He aims not only to problematize the identity crisis amongst white males, but also the way in which current public policy and more specifically researchers within the biblical sciences have failed to adequately deal with it. In this book, his aim is his own church, but also the rest of the so-called Afrikaans sister churches. This is a strategic choice, as these churches were foremost in justifying Apartheid theologically, but also in building separate, colonial type, 'apartheid'-churches, which still exists, cosily in the new South Africa. The question is how Snyman proposes we transcend this legacy, but also respond to the current debates on the ongoing hegemony of patriarchy and homophobia.

Snyman aims at addressing these critical questions by dealing with the manner in which the Bible was (is!) read. He argues that the way in which these churches have read and interpreted the Bible, their hermeneutical framework influenced Greijdanums, was fundamentally flawed. Despite the fact that this flaw has been exposed in the history of South Africa, paradoxically, this type of reading still prevails and the faithful are not guided towards an alternative reading of

the Bible. In response to this and backed up by his extensive insight in the critique coming from feminist and postcolonial hermeneutics, he introduces a different reading, what he calls *'n Etiek van Bybellees*, (an Ethic of Biblical reading). This he juxtaposes against an emic reading of the Bible. An emic reading or what he calls *'n Koloniserende Bybelgebruik* (a Colonising Bible usage) means an ideological reading, where we find a literal understanding of the biblical text and where the faithful are not confronted with the historical aspects of the text. In a sense, the Biblical text is given a holy status and worshipped (idolised) and the human dimensions of the development, but also interpretation of scripture nullified. An ethical reading, however, see the biblical text as transcript of a community's socio-political values and ascribe to the biblical readers a responsibility in terms of the choices they make. This implies a distinction between the historical context of the text, and the reality of their own time, hence an ethic of historical reading and an ethic of accountability (p,187). This distinction he draws from Elizabeth Schüssler-Fiorenza's idea of a 'double ethic' on the one hand, but also Emmanuel Levina's idea of the 'ethical moment'.

The book consists of 11 chapters, which is framed by an Introduction and an epilogue. In the first chapter he deals with the question why such a different reading is necessary. He illustrates this by way of outlining the complexity of the conversations on homosexuality within a heterosexual context. Then in chapter 3 this double ethic of Bible reading is presented, with the following chapter illustrating how the different historical contexts leads to different interpretations, with reference to the question on power. In chapter 5 he exposes the myth of a literal reading and in chapter 6 the consequences of a Scripture culture on our understandings of the inspiration and revelation. This relates intimately to power and the place of written confessions and ecclesial meetings in maintaining oppressive power relations. The members of churches, after all, are supposed to be and remain children, receiving the kingdom. The following chapters highlights the philosophical ethics of Levinas, in particular his notion of the ethical moment, laying the foundation for receiving and reading the Bible for and as the Other. The final 2 chapters then deal with this disposition in reading of the Bible, namely in sensitivity, but also respect for the its otherness, which Snyman suggest is a proper reading for good reasons.

As indicated, this work deals powerfully with acute and complex matters. Snyman does this not by suggesting new developments from the fields of Biblical sciences and Hermeneutics. In fact, he states that these insights in Hermeneutics have been around for some time now. What is however refreshing is the way in which he brings these home, in terms of the pressing questions of a progressively maturing faithful, but also constitutional democracy. The questions on inclusively and reconciliation, but more so justice in a context where new fundamentalisms and hegemonies become attractive, calls for brave intellectual efforts in honestly and vulnerably facing up to and averting the kind of excesses and atrocities that have been sanctioned in the name of the Holy Scriptures or God. This is the place where new creative impulses becomes possible, but also change. It is here, at this point, where we can appreciate and the value of this highly commendable contribution from an Afrikaans male called, Gerrie Snyman.

Resensent: HJM (Hans) van Deventer, Vakgroep Teologie, Skool vir Basiese Wetenskappe, NWU – Vaaldriehoekkampus – Resensie in *Die Skriflig*

Prof. Gerrie Snyman, Ou-Testamentikus verbonde aan UNISA, pak met hierdie publikasie verskeie vrae wat in die gemoedere van kerklidmate leef. Die meeste van hulle is egter skrikkerig om hierdie vrae buite die beskermende grense wat die Sondagmiddag gesinsete byvoorbeeld bied, te opper. Snyman is 'n simpatieke gids wat die leser konfronteer met sy/haar verlede en rol as Bybelleser. Sy dissekteermes sny diep om bepaalde probleme met 'n tradisionele manier van Bybellees te ontbloot. Die skrywer problematiseer egter nie net nie, maar doen ook konkrete alternatiewe aan die hand. Binne die Gereformeerde kring gaan hierdie alternatiewe nie by almal byval vind nie, maar dit vorm ten minste 'n grondige gespreksbasis vir verdere nadenke en debat.

Wat die voornemende leser opval wanneer hierdie netjiese publikasie ter hand geneem word, is dat dit veel swaarder voel as die pienk slapband geskriffies met gewaande godsdienstige inslag wat boekwinkels se rakke vol staan. Behalwe dat die uitgewer in hierdie opsig 'n pluimpie vir die gehalte en keurige versorging van die publikasie verdien, is dit ook simbolies van die teologiese gewig wat hierdie boek met sy treffende voorbladontwerp dra. Die skrywer het wel moeite gedoen om komplekse teologiese en ander wetenskaplike begrippe so aan te bied dat die boek vir enige belangstellende leser toeganklik is.

Die voorwoord tot die boek getuig van 'n persoonlike worsteling wat menige denkende persone as nuwe gemarginali-

seerdes Suid-Afrika ervaar. Die skrywer meld dat sy kerklike tradisie hom nie in hierdie worsteling van antwoorde kon voorsien nie. In teendeel, uit die lees van die boek blyk dit dat hierdie tradisie eerder die worsteling in sommige opsigte vererger het. Die inleidende hoofstuk, met sy dubbelsinnige opskrif, teken die probleemstelling in meer besonderhede: via 'n histories-filosofiese ondersoek na die tipies Westerse denkraamwerk waarbinne ons teologie beoefen, kom Snyman uit by ons verantwoordelikheid teenoor ander wanneer ons die Bybel lees.

'n Volgende hoofstuk spel in geen onseker terme uit waarom die Bybel anders as in die verlede gelees behoort te word. Die onreg wat mense aangedoen is binne 'n vorige politieke bestel (maar wat sommige Gereformeerdes skynbaar steeds probeer ontken – HJMvD) is geregverdig vanuit 'n bepaalde manier waarop die Bybel gelees en verstaan is. Hierdie verstaansmodel, wat gebou is op die filosofiese fondament van die positivisme (p. 31), word egter voorgehou as die vrug van die werk van die Heilige Gees (p. 30). Die leser merk vinnig op dat Snyman nie skroom om die volle konsekwensie van sy gedagtegang op die tafel te plaas nie. Binne akademiese kontekste is dit presies hoe hierdie tipe sake aangepak word (of ten minste behoort aangepak te word). Of die gemiddelde Gereformeerde dominee of lidmaat genoegsaam toegerus is om hierdie sake uit so 'n hoek te beskou, sal maar gesien moet word.

Snyman wys vervolgens daarop dat omdat ons nog nie bestek opgeneem het van die skade wat ons lees van die Bybel mense berokken het nie, ons bloot voortgaan daarmee deur die Bybel in te span vir 'n soortgelyke doel in o.a. die gay-debat. Hy sien hierdie gebruik van die Bybel eerder gemotiveerd vanuit 'n subjektiewe heteroseksuele ideologie (p. 39). Waar hierdie subjektiwiteit nie erken word nie, lei dit juis daartoe dat aan die teks toegedig word wat eintlik in die leefwêreld van die leser bestaan en telkens sy/haar lees medebepaal. Om hierdie gevaarlike tendens te probeer verhoed, stel hy 'n etiek van lees voor (p. 59 e.v.), waarin die leser medeverantwoordelik is vir die gevolge wat sy/haar lees vir ander inhou en die Bybel nie as wapen vir eie gewin ingespan word nie (p. 67 e.v.). Met hierdie kern van die kwessie op die tafel, bespreek die skrywer vervolgens die probleem verbonde aan 'n sogenaamde letterlike verstaan van die teks en toon aan dat "[l]etterlike betekenis ... nie die sosiale inbedding van *taal* [kan] ontkom nie" (p. 93 – my kursivering). Een van die redes wat Snyman aanvoer waarom die Gereformeerde hermeneutiek nie hierdie aspek van betekenis op die tafel wil neem nie, word in 'n volgende hoofstuk "Kanon en Inspirasie" (p. 97 e.v.) hanteer. Nadat Snyman (pp. 97-102) die leser herinner het aan die komplekse proses van opskrifstelling en vasstelling van die kanon(s) hanteer hy die probleem van 'n bepaalde siening van inspirasie. Volgens Snyman groei die idee van organiese inspirasie voort uit die wortels van meganiese inspirasie, wat op sy beurt veranker is in die erfenis wat die Westerse beskawing aan niemand minder as Plato te danke het nie (p. 107)! Snyman herhaal dan die oproep wat nog altyd in Gereformeerde kringe afgewys is, nl. om te onderskei tussen inspirasie wat te make het met die "godsdienstige gesag van die teks, en nie met die manier hoe dit fisies tot stand gekom het nie" (p. 109). Dit bly egter 'n vraag of groter klem op die "historiese bewussyn" (p. 108), 'n begrip wat soos 'n refrein deur die boek opklink, noodwendig die nodige regstelling tot gevolg gaan hê. In die Afrikaanse kerklike konteks bestaan voorbeelde waar die konsekwente historiese verstaan van die teks steeds nie kan meewerk in die ontmaskering van 'n sosio-politieke ideologie nie.

Dit bring Snyman daarby uit om die saak van die "Bybel en mag" op die tafel te plaas (p. 111 e.v.) en te ondersoek hoe die Bybel gebruik kan word om monologiese deklarasies te maak wat vanweë 'n gebrekkige historiese bewussyn en 'n positivistiese wetenskapsbeskouing nie gekritiseer kan word nie. Sodoende kan 'n bepaalde (openbare of verborge) transkrip in stand gehou word. Snyman toon egter nie duidelik aan waarom 'n nuwe openbare transkrip noodwendig beter sou wees as 'n vorige nie. 'n Etiek van Bybellees ondersoek egter meer die effek wat die lees van die Bybel op ander mense sou hê (p. 123) en waaraan vervolgens 'n hoofstuk gewy word (p. 127 e.v.). Hier word gewys op die belang van 'n balans tussen "die teks, die lesers en diegene wat deur die lees beïnvloed gaan word" (p. 127). Die leser se verantwoordelikheid vind, op voetspoor van Levinas se werk, vergestalting in die "etiese moment" (p. 132) waarin hy/sy die "ander" (toehoorder) in sy/haar kwesbaarheid ontmoet en gedurig daarteen moet waak om "totaliserend" (p. 137) die "ander" te omvorm tot die eie norm en standaard.

Hierdie gedagte open die deur vir die idee van die "Bybelteks as ander" (p. 139) waarin die andersheid van die Bybel erken word. Slegs deur die Bybel so ("anders") te lees kan ons onsself in die eerste plek verander in plaas daarvan om ander te probeer verander en in die proses die Bybel as wapen te gebruik. Snyman (p. 144) wil nie die tradisie ignoreer nie, maar dit juis ook ondergeskik maak aan die Bybelteks. Die teks self moet die grense van interpretasie bepaal (p. 146). 'n Volgende hoofstuk bied 'n praktykgerigte fokus vir die argument wanneer dit wat reeds aan die orde gestel is, by wyse van 'n voorbeeld geïllustreer word.

Hierna word die argument deurgetrek na wat vir baie die kruks van die hele saak is, nl. hoe ons die Bybel sien. Sny-

man betoog dat die tradisionele Gereformeerde denke Skrifbeskouing en teksbeskouing laat saamval het. In die lig van ontdekkings en ontwikkelings op die gebied van taal- en literatuurwetenskap, veral in die 20ste eeu, het hierdie onderskeid ondraaglik geword (die "Vrou in die kerk"-debat illustreer dit uitstekend – HJMvD). Die Gereformeerde teologie waarin die teks nog altyd sentraal staan, staan hier voor 'n geweldige uitdaging. Die teks behels, soos Snyman se argument aantoon, oneindig meer as blote kennis van Hebreeuse en Griekse grammatika.

Snyman se slotwoord (p. 179 e.v.) gee vervolgens 'n goeie opsomming van sy volledige argument, weereens met verwysing na voorbeelde uit die breër Suid-Afrikaanse konteks wat reeds aan die orde gestel is. Snyman het 'n ryk teks geskep waarin sy sentrale argument, dat die Bybel anders gelees behoort te word met genoegsame aandag aan die subjektiewe rol wat die leser in die leesproses speel, tesame met die verantwoordelikheid wat lees t.o.v. "die ander" meebring, die hele teks deursuur. Die argument het voorts 'n soliede teoretiese onderbou en sal oppervlakkige (lees: oningeligte) kritiek maklik kan deurstaan. Soos in enige argument is daar minder oortuigende dele, waarvan enkeles reeds hierbo uitgelig is. Enkele verdere voorbeelde sluit in die saak van intersekstualiteit (p. 49), watter waardesisteem die "etiese moment" (p. 132) lê ten grondslag en tot watter mate hierdie waardsisteem kultureel-bepaald is, asook kleiner sake rakende interpretasie, bv. die lees van Matteus in die lig van die reëls van die Qumran-gemeenskap (p. 124) en die opmerking dat geen boek in die Ou Testament deur een skrywer geskryf is nie (p. 169 – die boeke Rut en Jona sou wel in so 'n groep kon val).

Die taal en teks is werklik baie keurig versorg en die bronverwysings en bibliografie is, benewens die wetenskaplike waarde daarvan, ook handige instrumente vir persone wat verder wil lees. Die werk van Van Niekerk (2006) (p. 84) is nie in die bibliografie opgeneem nie, terwyl die datum van Van Huyssteen se werk nie konsekwent weergegee word nie.
Hierdie boek verdien om gelees en bespreek te word. Hopelik sal die bespreking verder strek as die blote opstelling van antitetiese stellings. Om dit te voorkom word twee lesings voorgestel: die eerste om die sentrale argument te volg en die tweede om dan daardie argument ook op die lees van hierdie teks van toepassing te maak! Binne die Gereformeerde kring, asook in die breër Afrikaanse kerklike gemeenskap is hierdie 'n baie noodsaaklike en tydige boek. Dit moet gelees word.

Wit; waaghalsig; welwillend
Resensent: Christo Lombaard – Resensie verskyn op teo.co,.za

Die twee voortvlugtige hoofkarakters, in een van die bekende strokiesprent-tonele, gaan slaap kwaaivriend langs mekaar onder 'n hoop steenkool. Soos die moenie-kwaad-bed-toe-nie-idioom dit wil hê , maak hulle vrede, en Obelix sug so onder die kole uit sy lekkerslaap-sêding: "You're a white man, Asterix!" (Goscinny & Uderzo 1977:38). Op 'n manier herinner Gerrie Snyman se splinternuwe *Om die Bybel anders te lees* ... my aan daardie toneel: onder 'n hoop vuil kole uit, skryf Snyman as wit man.

Snyman, verbonde aan Unisa, is een van ons Ou-Testamentici wat die Filosofie ernstig neem. Dit, juis omdat hy, as van huis uit Gereformeerde teoloog, besorg is oor hoe die Bybel onder die breër geloofsgemeenskap tuiskom. Daarom: moenie hier iets verwag soos 'n paar maklike stappies vir Skrifstudie, of dalk soos die effens naarstigtelik-betitelde *How to read the Bible for all its worth* (Fee & Stuart 1993) nie. Ook niks in die trant van die breedweg-bekende, nou klassiekgeworde *Kan ons die Bybel dan nog glo?* (Deist 1986) of die meer tegniese 'n *ABC van Bybeluitleg* (Deist & Burden 1980) nie. Eerder vind ons hier 'n sistematies-deurdagte aanbieding van denkbeelde wat die gebruik van die Bybel in Afrikaanse geledere tradisioneel onderlê.

Snyman analiseer die hoop kole wat apartheid op ons Bybelleeskoppe kom omkeer het: die naïewe realisme in ons siening van die Bybelteks; die *vrees vir subjektiwiteit* in interpretasie – 'n onvermybare gegewe, maar wat gegrond op *positivistiese epistemologie* deur die idee van vertolkingsloosheid in ons Bybelverstaan verdoesel is; die daarmee gepaardgaande onwillekeurige voorkeur vir 'n *letterlike* Bybelvertaling en vir 'n "common sense"-verstaan van die Bybelinhoude; dit alles gesteun deur 'n implisiet-Kuyperiaanse *inspirasieteorie*. Dat dit gelowiges op die weg na fundamentalisme gelei het, is geen wonder nie. Hierin had Totius (1977) en Stoker (1967) geen geringe aandeel nie.
Behalwe vir die deeglikheid van sy argumente, is Snyman ook dapper. Hy gebruik as voorbeelde kontensieuse kwessies: apartheid; hoe vroue in die kerk swak behandel word; homoseksualiteit; geweld en God; lyfstraf; Jona, Ester. As hy die magspel binne kerke blootlê, is sy passie duidelik. Bes moontlik gebaseer op sy eie ervaring, dui hy aan hoedat

die kerk as institusie geloofsvernuwende vrae tot stilte kan dwing. Sodoende word nóg geloof, nóg Bybellees goed bedien. Bo alles staan Snyman hier as apologeet vir die Bybel: dat die kwessies wat die Bybel self én veranderde tye aan ons opdring, vierkant in die oë gekyk moet word, ter wille van die integriteit van geloof en die gesonde geloofslewe van kerklidmate. Snyman se onlangse debatte rondom die rol wat hy as dubbele verdagte – naamlik as beide manlik en wit – nog in die Suid-Afrikaanse Teologie te speel het (bv. Snyman 2002:799-820), word hier wyer getrek, tot groter voordeel van meer mense. So ook is sy denke oor homoseksualiteit, Bybel en kerk in sommige opsigte parallel aan dié van Paul Germond in *Aliens in the household of God* (Germond & de Gruchy 1997), maar dan meer produktief: Snyman maak deure oop vir die gebruik van die Bybel in moderne etiese debat.

Snyman se etiese Bybellees sny naamlik na twee kante toe: die historiese (die Bybeltekste moet in hulle sosio-kulturele kontekste verstaan word) en die moderne (ons dra morele verantwoordelikheid vir die gevolge van ons Skrifinterpretasie en -toepassing). Nóg die teks-in-konteks, nóg die mens-in-konteks moet gewond die interpretasiekryt verlaat. Die beste verweer wat ons het daarteen om sulke wonde toe te dien, is om ons filosofiese denkwapens te verklaar. Niemand dink sonder voorveronderstellings nie. Snyman self erken gereeld die Grondwet van Suid-Afrika as deel van sy hermeneutiese raamwerk, soos ook sy vroeëre diensplig-ervarings, sy belewenisse rondom apartheid en, tans, rondom witheid en manheid. Deur voorveronderstellings te kamoefleer (bv. as “maar net die Woord”), word meer vernietig as wat opgebou word. Waar die Bybel as eensydig welwillende boek aangebied word, verg dit uiteindelik ’n oneerlike vroomheid van gelowiges, naamlik dat ons nie die eie-aard van die Bybel meer wil / kan erken nie. In hierdie proses kan die Gereformeerde Belydenisskrifte óf negatief óf positief ’n rol speel, afhangend of hulle as, onderskeidelik, tydlose waarhede or tydgebonde belydenisse hanteer word.

Soms met fyn, selfgerigte humor, soms self-ontblotend, soms uitdagend, altyd goed deurdag word in hierdie bykans 200 bladsye nuwe blikke op ou weë en, as slot, moontlike nuwe uitsigte gebied. Hierdie boek gaan oor die volgende maande druk bespreek word. Welverdiend.